# NOTULE * MINUTES

ALGEMENE JAARVERGADERING GEHOU TE IMPALA KLUBHUIS
ANNUAL GENERAL MEETING HELD AT IMPALA CLUB HOUSE
OP/ON **3 SEPTEMBER 2013**

PIETERSBURG

PIETERSBURG

Kantoor: LA Sport, 19de Straat no.27, Industria.
Tel. No. 015 297 8267
Faks no. 086 267 5365
Webwerf: www.bushveldhunters.co.za
e-pos: pietersburg@bosveldjagters.co.za

Voorsitter: Rudi Myburgh Tel. No. 083 229 0148 e-pos: myburghrudi@gmail.com
Ondervoorsitter: Bertus Visagie Tel. No. 083 495 5134 e-pos: bvisagie@vwpolokwane.co.za
Sekretaris: Stephan du Plessis Tel. No. 084 491 1165 e-pos: duplessis.stephan@yahoo.com
Tesourier: Ben Redelinghuys Tel. No. 082 417 8857 e-pos: ben@proquinn.co.za

---

## 1. STAANDE PUNTE VIR BESPREKING
## STANDING ISSUES FOR DISCUSSION

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| **1.1** | **Opening en verwelkoming**<br>**Opening and welcoming**<br><br>Fanie Hattingh open die vergadering met `n gebed, waarna Rudi Myburgh almal welkom heet. | Rudi Myburgh |
| **1.2** | **Nominasies vir bestuur / Nominations for management**<br><br>Rudi Myburgh verklaar dat, volgens die grondwet, alle nominasies vir nuwe bestuurslede gesluit het. | Rudi Myburgh |
| **1.3** | **Verskonings / Apologies**<br>Nico Wepener, Gerhard Wessels, Theo vd Walt, Ockert Fourie, Pierre van Jaarsveld, Johan Kapp, August Thom, Jaco Thom. | Almal |
| **1.4** | **Presensielys / Attendance List**<br><br>Die presensielys word gesirkuleer en almal teenwoordig word versoek om dit so volledig moontlik te voltooi. Die lys word by die oorspronklike notule aangeheg. Die Voorsitter bevestig `n korum. | Almal |
| **1.5** | **Doelstellinge**<br><br>Die doelstellinge van die Vereniging was nie voorgelees nie. | Almal |
| **1.6** | **Mosies / Motions** | |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| | Geen mosies is ingedien vir bespreking. | Almal |
| **1.7** | **Vasstelling van die sakelys** | |
| | 1.7.1. Konstitusionering van die vergadering<br>Die Voorsitter bevestig dat kennis van die vergadering wel volgens die grondwet in tyd geskiet het en dat `n korum teenwoordig is. Die vergadering is dus wettig. | Almal |
| | 1.7.2 Sakelys<br>Die volgende punt word by die sakelys gevoeg:<br>2.1 Skietbaan<br>2.2 Wildsete – 6 September 2013 | Almal |
| **1.8** | **Notule van vorige vergadering / Minutes of previous meeting** | |
| | 1.8.1 Voorlees van vorige notule / Reading of previous minutes<br>Rudi Myburgh lees die notule voor van die vergadering wat gehou was op 11 September 2012. | Almal |
| | 1.8.2 Regstellings op vorige notule / Corrections on previous minutes<br>Geen regstellings in genotuleer nie. | |
| | 1.8.3 Voorstel vir goedkeuring deur / Proposed for approval by<br>Paul Vorster | |
| | 1.8.4 Gesekondeer deur / Seconded by<br>Werner Thom | |
| **1.9** | **Sake voortspruitend / Matters arising** | |
| | 1.9.1 Jaarverslag van die Voorsitter<br>Die Voorsitter lewer sy verslag. Die verslag word aan die oorspronklike notule geheg. | Rudi Myburgh |
| | 1.9.2 Finansiële verslag<br>Die Tesourier lewer sy verslag. Inkomste vir die afgelope jaar het R248,472.00 beloop terwyl die uitgawes R230,086.00 was. Daar was dus `n wins van R18,386.00 vir die afgelope jaar. Jan Olwagen vra wat die vereniging se bydrae is tot die salaris van Wilson wat diens doen as opsigter by die skietbaan. Rudi bevestig dat die skietklud ten volle verantwoordelik is vir sy salaris.<br>Rudi bedank Ben vir sy harde werk met die bestuur van die tak se finansies. | BRedelinghuys |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| | Die verslag word by die oorspronklike notule aangeheg.<br>1.9.3 Verkiesing van nuwe bestuur<br>Aangesien geen nominasies ontvang is vir nuwe bestuurslede sal die bestaande bestuur voortgaan in 2014.<br>Die 2014 bestuur is dus:<br>Voorsitter: Rudi Myburgh<br>Onder-Voorsitter: Bertus Visagie<br>Sekretaris: Stephan du Plessis<br>Tesourier: Ben Redelinghuys<br>Corrie Nel bedank die bestuur, namens die vergadering, vir hulle werk die afgelope jaar.<br>Die nuwe bestuur sal vergader om nog lede te ko-opteer. | Almal |

## 2. NUWE PUNTE VIR BESPREKING<br>NEW ISSUES FOR DISCUSSION

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| 2.1 | **Skietbaan**<br>Rudi noem dat die beskikbaarheid van die skietbaan `n probleem is met al die organisasies wat die baan gebruik. Daar is ook uitbreidings by die Silicon myn in die toekoms wat die bestaan van die baan kan beinvloed. Rudi vra dus die vergadering se gevoel oor die bou of verkryging van `n eie skietbaan. Die vergadering gee toestemming aan Rudi om voort te gaan met so `n ondersoek. | Rudi Myburgh |
| 2.2 | **Wildsete – 6 September 2013**<br>Rudi rapporteer dat die ete sal plaasvind op 6 September 2013 om 18:00 in die saal. Kaartjies is nog tot 4 September 2013 beskikbaar by Debbie. Koste is R50.00pp. | Rudi Myburgh |

## 3. ALGEMEEN<br>GENERAL

| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | **Geen bespreking het plaasgevind nie.** | |

| | | |
|---|---|---|
| | | |

**4. AFSLUITING**
**CLOSING**

| | | |
|---|---|---|
| **4.1** | Rudi nooi almal uit om saam te kom kuier en eet. Die tak borg R30.00/persoon waarna Dennis Traynor die vergadering afsluit met `n gebed. | |

**5. GOEDGEKEUR**
**APPROVED**

____________________ ____________________

Sekretaris Datum

____________________ ____________________

Voorsitter Datum